basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, 'n formuleblad en 'n 9 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Transaksie-ontleding en Ouditverslag | 20 | 15 |
| **2** | Staat van Omvattende Inkomste en Behoue-inkomste-nota | 50 | 40 |
| **3** | Finansiële Aanwysers en Kontantvloeistaat | 35 | 30 |
| **4** | Vertolking van Finansiële State en Korporatiewe Bestuur | 45 | 35 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: TRANSAKSIE-ONTLEDING EN OUDITVERSLAG

**(20 punte; 15 minute)**

1.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die konsep van (beperkte/onbeperkte) aanspreeklikheid verseker dat aandeelhouers in geval van bankrotskap nie vir die skuld van die onderneming aanspreeklik is nie. (1)

1.1.2 Wanneer finansiële state opgestel word, sal krediteure as handels- en ander (ontvangbare bedrae/betaalbare bedrae/ekwiteit) getoon word. (1)

1.1.3 Die aparte openbaarmaking van beduidende items, soos rente-uitgawes, is 'n aanwending van die (omsigtigheids-/wesenlikheids-)-AARP-beginsel. (1)

1.2 **ROCK-STONE BPK.**

**GEVRA:**

Ontleed die transaksies hieronder volgens die opskrifte in die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK verskaf word.

- Dui *rekening gedebiteer* en *rekening gekrediteer* in die Algemene Grootboek aan en die effek op die rekeningkundige vergelyking. Dui 'n vermeerdering as +, 'n vermindering as – en geen effek nie as 0 aan. Verwys na die voorbeeld verskaf.
- Aanvaar dat die banksaldo te alle tye gunstig is.

**Voorbeeld:** Koop skryfbehoeftes op krediet, R3 200.

| NR. | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BEDRAG | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **bv.** | Skryfbehoeftes | Krediteure-kontrole | 3 200 | 0 | – | + |

**TRANSAKSIES:**

1.2.1 Elektroniese fondsoordragte (EFO) van R136 000 in totaal is aan die aandeelhouers gemaak, wat die bedrag is wat aan die einde van die vorige finansiële jaar aan hulle verskuldig was.

1.2.2 Die maatskappy het R450 000 vir die uitreik van nuwe aandele ontvang.

1.2.3 Die inkomstebelastingaanslag vir die jaar is ontvang. Die inkomstebelastingbedrag, R338 200, het die voorlopige belasting-betalings wat gemaak is, oorskry. (9)

1.3 **Onafhanklike ouditverslag:**

Jy word voorsien van 'n uittreksel van die ouditverslag vir Rock-Stone Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021.

**GEVRA:**

1.3.1 Identifiseer die tipe ouditverslag wat die maatskappy ontvang het. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.3.2 Verduidelik waarom die ouditeur verwys het na:

- Bladsy 8 tot 23 (2)
- Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Maatskappywet van Suid-Afrika (2)

1.3.3 Noem enige TWEE ouditbewyse wat die ouditeure moontlik gebruik het. (2)

**INLIGTING:**

Uittreksel uit die ouditverslag:

**Aan Aandeelhouers**

**Basis van Mening**

Ons het ons oudit volgens internasionale ouditstandaarde uitgevoer.

Ons is onafhanklik van die maatskappy, soos van toepassing op die uitvoer van oudits, en met ander etiese vereistes volgens die professionele gedragskode. Die ouditbewyse wat ons bekom het, was voldoende en toepaslik.

**Mening**

Ons het die finansiële state, soos uiteengesit op bladsy 8 tot 23, geoudit. Dit bestaan uit die Staat van Omvattende Inkomste, Staat van Finansiële Posisie en die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021.

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van die onderneming soos vir die jaar toe geëindig, die finansiële prestasies en kontantvloei daarvan, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid Afrika.

*Perun en Balan*
*Geregistreerde Ouditeure*

*30 Mei 2021*

**20**

**VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN BEHOUE-INKOMSTE-NOTA (50 punte; 40 minute)**

**PEYPER BEPERK**

Jy word voorsien van inligting oor die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021.

**GEVRA:**

2.1 **Verwys na Addisionele Inligting B(f).**

Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2021 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (5)

2.2 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021.

Sommige van die vooraansuiweringsgetalle is reeds vir jou aangebring. (37)

2.3 Stel die Behoue-inkomste-nota op 28 Februarie 2021 op. (8)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op:**

| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **28 Feb. 2021 R** | **29 Feb. 2020 R** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | 13 650 000 | 14 650 000 |
| Behoue inkomste | **?** | 2 978 000 |
| Lening: Wonder Bank | 1 439 600 | 2 150 000 |
| Voertuie | **?** | 1 546 000 |
| Toerusting | **?** | 722 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | **?** | 858 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | **?** | 269 500 |
| Handelsvoorraad | 2 000 000 | |
| Debiteurekontrole | 382 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | **?** | 9 800 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 520 000 | |
| **Nominalerekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | **?** | |
| Koste van verkope | **?** | |
| Direkteursgelde | 4 836 000 | |
| Ouditfooie | 497 200 | |
| Advertensies | 342 400 | |
| Diverse uitgawes | 88 000 | |
| Handelsvoorraadtekort | **?** | |
| Oninbare skulde verhaal | 5 800 | |
| Huurinkomste | 208 250 | |
| Rente-inkomste (op vaste deposito) | **?** | |
| Salarisse en lone | 6 425 000 | |
| Waardevermindering (op voertuig verkoop) | 41 250 | |
| Verpakkingsmateriaal | 45 800 | |
| Wins op verkoop van voertuig | **?** | |
| Oninbare skulde | 28 800 | |
| Gewone aandeledividende | 672 000 | |

**B. Addisionele inligting:**

(a) Die winsopslag behaal, is 160% op kosprys. Die korrekte bruto wins is R14 881 600.

(b) Verpakkingsmateriaal gebruik gedurende die finansiële jaar, is R39 700.

(c) R9 750 is uit die insolvente boedel van 'n debiteur ontvang en geboekstaaf, wat 65 sent in die rand uitbetaal het. Die oorblywende bedrag moet afgeskryf word.

(d) Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde tot R9 350 aan.

(e) Een van die werknemers was met siekverlof en is uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2021 gelaat. Haar salarisbesonderhede is soos volg:

| BRUTO SALARIS | AFTREKKINGS | NETTO SALARIS | WERKGEWERS-BYDRAE |
|---|---|---|---|
| ? | 30% van bruto salaris | R23 800 | R4 500* |

*Werkgewersbydraes word teen die Salarisse-en-lone-rekening gedebiteer.

(f) **Voorraadwaardasie:**

Die besigheid verkoop sonbrille. Die rekenmeester het die eindvoorraadbedrag, wat in die Proefbalans aangedui word, foutief bereken. Die geweegdegemiddelde-metode moes gebruik gewees het. Dit moet reggestel word.

Die volgende besonderhede is van toepassing:

- **Voorraad sonbrille:**

| DATUM | EENHEDE | TOTALE WAARDE |
|---|---|---|
| 1 Maart 2020 | 4 000 | R2 433 000 |
| 28 Februarie 2021 | 2 400 | ? |

- **Aankope van sonbrille gedurende die finansiële jaar:**

| DATUM | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID R | TOTALE AANKOPE R |
|---|---|---|---|
| 31 Mei 2020 | 4 200 | 650 | 2 730 000 |
| 15 Oktober 2020 | 4 800 | 790 | 3 792 000 |
| 11 Februarie 2021 | 2 500 | 820 | 2 050 000 |
| **TOTAAL** | 11 500 | | 8 572 000 |

(g) Die perseel word die afgelope vyf jaar verhuur. Die huur vir Maart 2021 is ontvang en geboekstaaf. As gevolg van die grendeltyd is die huur vir slegs drie maande van April tot Junie 2020 met 25% verminder.

(h) **Lening: Wonder Bank**

- Vaste maandelikse terugbetalings van R59 200 is gemaak en vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021 geboekstaaf.
- Die leningstaat het 'n balans van R1 652 000 getoon.
- Maak voorsiening vir rente op lening gekapitaliseer.

(i) 'n Ou afleweringsvoertuig is op 31 Desember 2020 vir R88 400 kontant verkoop. Dit is korrek geboekstaaf.

Besonderhede van die afleweringsvoertuig verkoop:

| | |
|---|---|
| Kosprys | R198 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op datum van verkoop | R115 500 |

Maak soos volg voorsiening vir waardevermindering:

- Op voertuie teen 25% p.j. op kosprys
- Op toerusting: R90 500

(j) Die korrekte netto wins na belasting, ná alle aansuiwerings, is R1 342 080. Die inkomstebelastingkoers is 28% van die netto wins voor belasting. Rente-inkomste is die balanseersyfer.

(k) **Aandele en finale dividende:**

**LET WEL:** Die betrokke inskrywings is gedoen.

- 250 000 aandele is op 30 November 2020 teen R4,25 per aandeel teruggekoop.
- Op 28 Februarie 2021 het die gewone aandelekapitaal uit 3 412 500 aandele bestaan.
- 'n Finale dividend van 36 sent per aandeel is op 28 Februarie 2021 verklaar. Alle aandeelhouers op die register aan die einde van die finansiële jaar kwalifiseer vir finale dividende.

**50**

**VRAAG 3: FINANSIËLE AANWYSERS EN KONTANTVLOEISTAAT**
**(35 punte; 30 minute)**

Die inligting het betrekking op Digital Giants Bpk. Die finansiële jaar eindig op 31 Maart.

**GEVRA:**

3.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2021:

3.1.1 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)

3.1.2 Netto batewaarde per aandeel (3)

3.1.3 Dividenduitbetalingkoers (4)

3.1.4 Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (4)

3.2 Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK vir die volgende items vir die 2021-Kontantvloeistaat. Dui in ELKE val aan of dit 'n *invloei* of 'n *uitvloei* van kontant is.

3.2.1 Verandering in ontvangbare bedrae (3)

3.2.2 Verandering in betaalbare bedrae (3)

3.3 Bereken die volgende syfers vir die 2021-Kontantvloeistaat:

3.3.1 Belasting betaal (4)

3.3.2 Dividende betaal (4)

3.3.3 Opbrengs uit verkoop van vaste bates (5)

3.3.4 Fondse gebruik vir die terugkoop van aandele (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart 2021:**

| | |
|---|---|
| Waardevermindering: | R 785 000 |
| Op voertuie | 475 000 |
| Op toerusting | 310 000 |
| Netto wins voor belasting | 3 955 000 |
| Inkomstebelasting | 1 085 000 |
| Netto wins na belasting | 2 870 000 |

**B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie:**

| | **31 Maart 2021 R** | **31 Maart 2020 R** |
|---|---|---|
| Vaste bates teen drawaarde | 8 865 000 | 8 878 000 |
| Voorrade | 585 700 | 391 200 |
| Debiteurekontrole | 418 000 | 390 000 |
| Krediteurekontrole | 520 000 | 359 200 |
| Inkomste vooruit ontvang | 16 000 | 0 |
| SAID: Inkomstebelasting | 354 000 (Kt.) | 124 000 (Dt.) |
| Gewone aandeelhoudersbelang | 10 387 600 | 6 910 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 7 280 000 | 5 950 000 |
| Behoue inkomste | 3 107 600 | 960 000 |
| Verbandlening | 2 450 000 | 2 800 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 262 400 | 210 000 |

**C. Aandele:**

- 700 000 aandele is reeds op 31 Maart 2020 uitgereik.
- 120 000 nuwe aandele is op 1 April 2020 teen R12,60 per aandeel uitgereik.
- 20 000 aandele is op 31 Maart 2021 vir 50% meer as die gemiddelde uitreikprys van R9,10 per aandeel teruggekoop. Hierdie aandele het vir finale dividende gekwalifiseer.

**D. Dividende betaal/verklaar was soos volg vir die finansiële jaar:**

| | **DATUM** | **DIVIDEND PER AANDEEL** | **BEDRAG** |
|---|---|---|---|
| Interim | 15 Augustus 2020 | 45 sent | R**?** |
| Finaal | 31 Maart 2021 | 32 sent | R262 400 |

**E. Vaste bates:**

- Aanbouings aan die gebou is gedurende die finansiële jaar teen 'n koste van R1 360 000 voltooi.
- Toerusting is gedurende die finansiële jaar teen drawaarde verkoop.
- Geen ander vaste bates is aangekoop of verkoop nie.

**F. Uittreksel: Finansiële aanwysers:**

| | **31 Maart 2021** | **31 Maart 2020** |
|---|---|---|
| Skuld-ekwiteit-verhouding | **?** | 0,4 **:** 1 |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 350 sent | 314 sent |
| Bedryfsverhouding | 2,7 **:** 1 | 1,8 **:** 1 |

**35**

**VRAAG 4: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE EN KORPORATIEWE BESTUUR (45 punte; 35 minute)**

4.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die tipe direkteur in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.1.4 D.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 Uitvoerende direkteur | A lid van die direksie, maar nie vir daaglikse bestuursfunksies verantwoordelik nie |
| 4.1.2 Misdadige direkteur | B lid van die direksie wat ook bestuurs-verantwoordelikhede het |
| 4.1.3 Nie-uitvoerende direkteur | C skuldig bevind aan ernstige misdrywe |

(3 x 1) (3)

4.2 **LIBRA BEPERK**

Die onderneming dryf handel met rekenaarhardeware en -sagteware van internasionale maatskappye. Die inligting het betrekking op die afgelope twee finansiële jare, geëindig 30 April.

Anton Buys is die HUB en daar is vyf ander direkteure in die maatskappy.

**GEVRA:**

4.2.1 **Verwys na Inligting A.**

Die bedryfsverhouding en vuurproefverhouding toon dat die maatskappy se likiditeitsposisie oor die afgelope twee finansiële jare verswak het.

Identifiseer TWEE ander likiditeitsaanwysers wat ook toon dat die maatskappy in die toekoms waarskynlik ernstige likiditeitsprobleme sal hê. Verduidelik EEN punt in ELKE geval (met syfers). (4)

4.2.2 **Verwys na Inligting A en B.**

Die maatskappy het die lening verhoog om die aankoop van addisionele eiendom in 'n nuwe voorstad te finansier. Hulle het gehoop dat dit die aanvraag na hulle produkte sou verbeter.

- Lewer kommentaar op hoe die verhoging in die lening die risiko en hefboom in 2021 beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. Noem EEN punt in ELKE geval (met syfers). (6)
- Verduidelik of die besluit om addisionele eiendom aan te koop die gewenste uitwerking op die vraag na hierdie produk gehad het (met syfers). (3)

4.2.3 Verduidelik waarom die publiek nie in die koop van die nuwe aandele, wat teen R6,00 per aandeel uitgereik is, belang gestel het nie. Haal DRIE finansiële aanwysers aan (aanwysers in VRAAG 4.2.2 genoem, uitgesluit). Noem EEN punt in ELKE geval (met syfers). (9)

4.2.4 **Verwys na Inligting A en D.**

Baie aandeelhouers het by die AJV gekla dat die Vergoedingskomitee nalatig in die uitvoering van hulle pligte was en dat Anton Buys nie die geld wat aan hom as HUB betaal is, verdien het nie. Noem TWEE verskillende punte om hulle mening te regverdig. Haal syfers of finansiële aanwysers aan. (4)

4.2.5 **Verwys na Inligting A, B en C.**

- Verduidelik waarom die ander direkteure ongelukkig was oor die prys waarteen die aandele by Anton Buys teruggekoop is. Noem TWEE punte. Haal finansiële aanwysers of syfers aan om ELKE punt te staaf. (4)

- Gee 'n berekening om te toon of die terugkoop van hierdie aandele Anton Buys se status as meerderheidsaandeelhouer beïnvloed het, of nie. (3)

4.2.6 **Verwys na Inligting E.**

- Verduidelik wat met *goeie korporatiewe bestuur* bedoel word en verduidelik waarom dit vir aandeelhouers belangrik is. (3)

- Verduidelik 'n moontlike rede hoekom Anton Buys sê dat hy teen die voorstel deur Excellence Bpk. sal stem. (2)

- Die ander direkteure voel dat Anton Buys sy posisie as HUB en meerderheidsaandeelhouer misbruik.
  - Verduidelik waarom jy met hulle saamstem. (2)
  - Gee die direkteure raad oor hoe hulle dit moet hanteer. (2)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers op 30 April:**

| | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| Winsopslag-% bereik | 60% | 75% |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 44,1% | 32% |
| Solvensieverhouding | 1,8 : 1 | 2,1 : 1 |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,7 : 1 | 0,2 : 1 |
| Bedryfsverhouding | 0,6 : 1 | 1,1 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,3 : 1 | 0,8 : 1 |
| Voorraadhoudingstydperk | 78 dae | 43 dae |
| Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode | 58,9 dae | 32,6 dae |
| Gemiddelde krediteure-betalingsperiode | 75,6 dae | 63,6 dae |
| Verdienste per aandeel | 54 sent | 102 sent |
| Dividende per aandeel | 25 sent | 90 sent |
| Netto batewaarde per aandeel | 732 sent | 711 sent |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit | 4,9% | 5,3% |
| Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 6,4% | 9,1% |

**B. Addisionele inligting:**

| | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| Verkope | R8 976 000 | R11 550 000 |
| Markprys van aandele op aandelebeurs | 580 sent | 610 sent |
| Rentekoers op lenings | 12% | 12% |
| Rentekoers op vaste deposito | 8% | 8% |

**C. Aandelekapitaal en aandelebesit van Anton Buys:**

| | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| Getal gemagtigde aandele | 5 000 000 aandele | |
| Getal aandele reeds uitgereik | 2 450 000 | 2 400 000 |
| Getal aandele besit deur aandeelhouer, Anton Buys | 1 240 000 | 1 270 000 |

- Die maatskappy het op 30 April 2020, reeds 2 400 000 aandele uitgereik.
- By die direkteursvergadering op 1 Mei 2020 is daar besluit om 30 000 aandele by die HUB, Anton Buys, teen R12,00 per aandeel terug te koop. Geeneen van die vyf ander direkteure het hierdie besluit ondersteun nie.
- 'n Verdere 80 000 aandele is op 30 Junie 2020 uitgereik. Die gelyste uitreikprys van die aankoop was aanvanklik R6,00 per aandeel. As gevolg van swak belangstelling deur die publiek teen hierdie prys het die direkteure ooreengekom om hierdie aandele teen R4,80 per aandeel te verkoop.

**D. Direkteursgelde:**

| | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| Direkteursgelde aan HUB betaal | R2 900 000 | R2 000 000 |
| Totale gelde aan 5 ander direkteure betaal | R3 000 000 | R3 000 000 |

**E. Aanbod om onuitgereikte aandele te koop:**

- Excellence Beperk is 'n gerespekteerde maatskappy met 'n reputasie vir **goeie korporatiewe bestuur**. Hulle het 'n aanbod gemaak om die oorblywende 2 550 000 aandele in hierdie maatskappy teen 'n prys wat beduidend hoër as die huidige markwaarde is, aan te koop.
- Anton Buys sê dat hy **teen hierdie aanbod sal stem**. Die ander direkteure voel baie sterk daaroor dat hierdie aanbod baie billik is. Hulle is ten gunste daarvan om die aanbod te aanvaar.

**45**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# 2021

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 9 bladsye.**

**VRAAG 1**

**1.1**

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | |
| **1.1.2** | |
| **1.1.3** | |

**3**

**1.2**

| NR. | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BEDRAG | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1.2.1** | | | **136 000** | | | |
| **1.2.2** | | | **450 000** | | | |
| **1.2.3** | | | **338 200** | | | |

**9**

**1.3.1** **Identifiseer die tipe ouditverslag wat die maatskappy ontvang het. Gee 'n rede vir jou antwoord.**

**TIPE VERSLAG**

**REDE**

**2**

**1.3.2** **Verduidelik waarom die ouditeur na bladsy 8 tot 23 verwys het.**

**2**

**Verduidelik waarom die ouditeur na Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Maatskappywet van Suid Afrika verwys het.**

**2**

**1.3.3** **Noem enige TWEE ouditbewyse wat die ouditeure moontlik gebruik het.**

| | |
|---|---|
| **Item 1** | |
| **Item 2** | |

**2**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **20** |

## VRAAG 2

**2.1**

| Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2021 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

5

**2.2 STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021**

| | |
|---|---|
| Verkope | |
| Koste van verkope | |
| Bruto wins | 14 881 600 |
| Ander inkomste | |
| Oninbare skulde verhaal | 5 800 |
| Huurinkomste (208 250 | |
| | |
| | |
| Bruto bedryfsinkomste | |
| Bedryfsuitgawes | |
| Direkteursgelde | 4 836 000 |
| Ouditfooie | 497 200 |
| Advertensies | 342 400 |
| Diverse uitgawes | 88 000 |
| Handelsvoorraadtekort | |
| Salarisse en lone (6 425 000 | |
| Waardevermindering (41 250 | |
| | |
| | |
| Bedryfswins | |
| Rente-inkomste | |
| Wins voor rente-uitgawe | |
| Rente-uitgawe | |
| Netto wins voor belasting | |
| Inkomstebelasting | |
| Netto wins na belasting | 1 342 080 |

37

## 2.3 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

| | |
|---|---|
| **Saldo aan begin van finansiële jaar** | **2 978 000** |
| | |
| | |
| **Dividende** | |
| | |
| | |
| **Saldo aan einde van finansiële jaar** | |

| |
|---|
| |
| **8** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

## VRAAG 3

3.1.1

| Bereken: Skuld-ekwiteit-verhouding | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

3

3.1.2

| Bereken: Netto batewaarde per aandeel | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

3

3.1.3

| Bereken: Dividenduitbetalingskoers | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

3.1.4

| Bereken: Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

3.2.1

| Vir die Kontantvloeistaat bereken: Verandering in ontvangbare bedrae | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | **Invloei/Uitvloei** |
| | | |

3

3.2.2

| Vir die Kontantvloeistaat bereken: Verandering in betaalbare bedrae | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | **Invloei/Uitvloei** |
| | | |

3

**3.3.1**

| Bereken: Belasting betaal | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 4 |

**3.3.2**

| Bereken: Dividende betaal | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 4 |

**3.3.3**

| Bereken: Opbrengs uit verkoop van vaste bates | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 5 |

**3.3.4**

| Bereken: Fondse gebruik vir die terugkoop van aandele | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 2 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

**VRAAG 4**

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | |
| **4.1.2** | |
| **4.1.3** | |

**3**

**4.2 LIBRA BEPERK**

**4.2.1**

| **Identifiseer TWEE ander likiditeitsaanwysers wat ook toon dat die maatskappy in die toekoms waarskynlik ernstige likiditeitsprobleme sal hê. Verduidelik EEN punt in ELKE geval (met syfers).** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

**4**

**4.2.2**

| **Lewer kommentaar op hoe die verhoging in die lening die risiko en hefboom in 2021 beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. Noem EEN punt in ELKE geval (met syfers).** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

**6**

| **Verduidelik of die besluit om addisionele eiendom aan te koop die gewenste uitwerking op die vraag na hierdie produk gehad het (met syfers).** |
|---|
| |

**3**

**4.2.3**

| **Verduidelik waarom die publiek nie in die koop van die nuwe aandele, wat teen R6,00 per aandeel uitgereik is, belang gestel het nie. Haal DRIE finansiële aanwysers aan (aanwysers in VRAAG 4.2.2 genoem, uitgesluit). Noem EEN punt in ELKE geval (met syfers).** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |
| **PUNT 3** | |

| |
|---|
| |
| **9** |

**4.2.4**

| **Noem TWEE verskillende punte om hulle mening te regverdig. Haal syfers of finansiële aanwysers aan.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

**4.2.5**

| **Verduidelik waarom die ander direkteure ongelukkig was oor die prys waarteen die aandele by Anton Buys teruggekoop is. Noem TWEE punte. Haal finansiële aanwysers of syfers aan om ELKE punt te staaf.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Gee 'n berekening om te toon of die terugkoop van hierdie aandele Anton Buys se status as meerderheidsaandeelhouer beïnvloed het, of nie.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| 4.2.6 | **Verduidelik wat met *goeie korporatiewe bestuur* bedoel word en verduidelik waarom dit vir aandeelhouers belangrik is.** | |
|---|---|---|
| | | **3** |
| | **Verduidelik 'n moontlike rede hoekom Anton Buys sê dat hy teen die voorstel deur Excellence Bpk. sal stem.** | |
| | | **2** |
| | **Verduidelik waarom jy met die direkteure saamstem.** | |
| | | **2** |
| | **Gee die direkteure raad oor hoe hulle dit moet hanteer.** | |
| | | **2** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

**TOTAAL: 150**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## NASIENRIGLYNE

## 2021

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat party n kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

## VRAAG 1

**1.1**

| | | |
|---|---|---|
| **1.1.1** | Beperk | ✓ |
| **1.1.2** | Betaalbare bedrae | ✓ |
| **1.1.3** | Wesenlikheids | ✓ |

**3**

*een punt per reel, aanvaar blanko as 0
Aanvaar die onderstreepte gedeelte vir Dt en Kt: of herkenbare afkortings soos AH (vir dividende) of GAK

**1.2**

| NR. | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BEDRAG | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1.2.1** | Aandeelhouers vir dividende ✓ AH | Bank ✓ | **136 000** | – | 0 | – ✓* |
| **1.2.2** | Bank ✓ | Gewone aandelekapitaal ✓ GAK | **450 000** | + | + | 0 ✓* |
| **1.2.3** | Inkomstebelasting✓/ | SAID: Inkomstebelasting✓ | **338 200** | 0 | – | + ✓* |

**9**

**1.3.1** **Identifiseer die tipe ouditverslag wat die maatskappy ontvang het. Gee 'n rede vir jou antwoord.**

**TIPE VERSLAG** aanvaar 'skoon' of 'goeie' verslag, sien soort en rede onafhanklik

Ongekwalifiseerd ✓

**REDE** Enige geldige rede ✓ aanvaar kort , onvolledige stelling as boodskap duidelik is

- Die ouditverslag dui 'redelike voorstelling' aan.
- Die ouditeure het nie probleem opgetel nie.

**2**

**1.3.2** **Verduidelik waarom die ouditeur na bladsy 8 tot 23 verwys het.**

Enige gepaste verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige/gedeeltelike antwoorde

- Die ouditeure is slegs vir die verslae verantwoordelik wat op daardie bladsye van die Jaarlikverslag getoon is.
- Die geouditeerde finansiële verslae/state is op hierdie bladsye van die volledige verslag wat aan die aandeelhouers voorgelê is.

**2**

**Verduidelik waarom die ouditeur na Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Maatskappywet van Suid Afrika verwys het.**

Enige gepaste verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige/ gedeeltelike antwoorde

- Die oudit en die finansiële rekords/state van die maatskappy is in ooreenstemming met beide plaaslik en internasionale vereistes
- Dit beïnvloed eenvormige aanbieding van finansiële state.

**2**

**1.3.3** **Noem enige TWEE ouditbewyse wat die ouditeure moontlik gebruik het.**

Enige TWEE voorbeelde van bewyse ✓ ✓ indiwiduele voorbeelde van dokumente is een punt

Voorraadrekords/vaste bate register/brondokumente insluitend EFO rekords/ bank, debiteure, krediteure state /getekende kontrakte/ fisiese inspeksie van bates/ werknemer profiele / joernale

**2**

| TOTALE PUNTE | 20 |
|---|---|

## VRAAG 2

**2.1** **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2021 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 11 005 000 twee punte<br>2 433 000✓ + 8 572 000✓ x 2 400<br>4 000 ✓ + 11 500✓<br>15 500 twee punte<br>11 005 000 / 15 500 = 710 vier punte<br>Sien teller/ noemer as sulks na | 1 704 000 ☑<br>een deel korrek en x 2 400 |

5

**2.2** **STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021**

# kontroleer
Die bedrag bereken verdien twee punte, die balansseersyfer verdien twee metode punte

| | | |
|---|---|---|
| **Verkope** BW x 260/160 OF | 24 182 600 | ✓✓/ ☑☑# |
| **Koste van verkope** BW x 100/160 | (9 301 000) | ✓✓/ ☑☑# |
| **Bruto wins** **4** | **14 881 600** | |
| **Ander inkomste** bewerking, een deel korrek | 203 400 | ☑ |
| **Oninbare skulde verhaal** | **5 800** | |
| **Huurinkomste (208 250** – 17 000 ✓✓)aansuiwering bedrag afgetrek | 191 250 | ☑ |
| Voorsiening vir oninbare skulde aansuiw. (9 800 – 9 350) | 450 | ✓✓ |
| Wins met verkoop van voertuig (88 400 – 82 500) draw afgetrek | 5 900 | ✓☑ |
| **Bruto bedryfsinkomste** **9** BW + BI | 15 085 000 | ☑ |
| **Bedryfsuitgawes** kontroleer bewerking | (13 065 600) | ☑ |
| **Direkteursgelde** | **4 836 000** | |
| **Ouditfooie** | **497 200** | |
| **Advertensies** | **342 400** | |
| **Diverse uitgawes** | **88 000** | |
| **Handelsvoorraadtekort** (2 000 000 ✓ - 1 704 000 ☑)sien 2.1 # kan 'n surplus wees | 296 000 | ☑ |
| **Salarisse en lone (6 425 000** + 23 800✓+10 200✓+ 4 500✓) — 34 000 twee punte, 28 300 twee punte | 6 463 500 | ☑* |
| **Waardevermindering (41 250** + 337 000 ✓✓+ 90 500✓) | 468 750 | ☑* |
| Verpakkingsmateriaal | 39 700 | ✓✓ |
| Oninbare skulde (28 800 een punt + 5 250 een punt) | 34 050 | ✓✓ |
| **Bedryfswins** BBI -BU **17** | 2 019 400 | ☑ |
| **Rente-inkomste** balansseersyfer kan negatief wees | 57 000 | ☑ |
| **Wins voor rente-uitgawe** NWvB + RI | 2 076 400 | ☑ |
| **Rente-uitgawe** (2 150 000 – 710 400 – 1 652 000 ) OF 1 652 000 – 1439 000 | (212 400) | ✓☑* |
| **Netto wins voor belasting** NWNB + IB | 1 864 000 | ☑ |
| **Inkomstebelasting** NWNB x 28/72 | (521 920) | ✓✓ |
| **Netto wins na belasting** **7** | **1 342 080** | |

37

-1 vreemde items (-1 maks); misplaaste items, sien slegs bewerkings na ignoreer hakies, kontroleer bewerking * een deel korrek

## 2.3 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

| | |
|---|---|
| **Saldo aan begin van finansiële jaar** | **2 978 000** |
| Netto wins na belasting | 1 342 080 ✓ |
| Terugkoop van aandele Ignoreer hakies | (62 500) ✓✓ |
| **Dividende** bewerking Ignoreer hakies | (1 900 500) ☑ |
| Interim | 672 000 ✓ |
| Finaal (3 412 500 x R0,36) een deel korrek | 1 228 500 ✓☑ |
| **Saldo aan einde van finansiële jaar** een deel korrek aandele teruggekoop en dividende moet afgetrek wees | 2 357 080 ☑ |

8

| | |
|---|---|
| **TOTALE PUNTE** | **50** |

## VRAAG 3

*X 100/1 is nie deel van ' een deel korrek nie'

**3.1.1**

| Bereken: Skuld-ekwiteit-verhouding | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 2 450 000 ✓ : 10 387 600 ✓<br>(7 280 000 + 3 107 600) een punt | 0,2 : 1☑<br>een deel korrek;<br>moet as x :1 getoon word |

3

**3.1.2**

| Bereken: Netto batewaarde per aandeel | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| $\frac{10\ 387\ 600 ✓}{800\ 000 ✓}$ x 100 sent*<br>(700 000 + 120 000 -20 000) een punt | 1 298,5 sent ☑<br>een deel korrek<br>R/c nie nodig nie<br>aanvaar 1298/1299<br>OF R12,98/R12.99 |

3

**3.1.3**

| Bereken: Dividenduitbetalingskoers | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 77 twee punte<br>$\frac{45 ✓+ 32 ✓}{350 ✓}$ x $\frac{100*}{1}$<br>OF: $\frac{0,45 + 0,32}{3,50}$<br>**OF**<br>een punt een punt<br>(369 000 + 262 400)<br>$\frac{631\ 400 \text{ twee punte}}{2\ 870\ 000 \text{ een punte}}$ x 100 | 22% ☑<br>een deel korrek<br>getoon as 'n % |

4

**3.1.4**

| Bereken: Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| $\frac{2\ 870\ 000 ✓}{\frac{1}{2} ✓(10\ 387\ 600 + 6\ 910\ 000) ✓}$ x $\frac{100*}{1}$<br>17 297 600 een punt<br>8 648 800 twee punte | 33,2% ☑<br>een deel korrek<br>aanvaar 33%<br>% teken nie nodig |

4

**3.2.1**

| Vir die Kontantvloeistaat bereken: Verandering in ontvangbare bedrae | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | **Invloei/Uitvloei** |
| 418 000 – 390 000<br>Ignoreer bewerkings en hakies | 28 000 ✓✓ | Uitvloei ✓ |

3

Ken punte toe vir antwoord/ besonderhede as nie toepaslike kolom is nie

**3.2.2**

| Vir die Kontantvloeistaat bereken: Verandering in betaalbare bedrae | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | **Invloei/Uitvloei** |
| 520 000 +16 000<br>536 000 – 359 200<br>Ignoreer hakies en bewerkings | 176 800 ✓✓ | Invloei ✓ |

3

(3.3.1 -3.3.3) Sien slegs EEN opsie konsekwent na (moet nie vermeng nie)
Ignoreer hakies op finale antwoord

**3.3.1**

| **Bereken: Belasting betaal** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 1 085 000 ✓ – 124 000 ✓ – 354 000 ✓<br>**OF**<br>een punt een punt een punt<br>–1 085 000 + 124 000 + 354 000<br>Aanvaar grootboekrekeninge of hakies as bewerking | 607 000 ☑<br>een deel korrek |

**4**

**3.3.2**

| **Bereken: Dividende betaal** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| (820 000 x 0.45) twee punte<br>210 000 ✓+ 369 000 ✓✓ **OF**<br>een punt een punt een punt<br>210 000 + 631 400 – 262 400<br>sien 3.1.3<br>Aanvaar grootboekrekeninge of hakies as bewerking | 579 000 ☑<br>een deel korrek |

**4**

**3.3.3**

| **Bereken: Opbrengs uit verkoop van vaste bates** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| ✓ ✓ ✓ ✓<br>8 865 000 – 1 360 000 + 785 000 – 8 878 000<br>**OF**<br>een punt een punt een punt een punt<br>8 878 000 + 1 360 000 – 785 000 – 8 865 000<br>Aanvaar grootboekrekening, hakies as bewerking of vaste bate nota formaat | 588 000☑<br>een deel korrek |

**5**

**3.3.4**

| **Bereken: Fondse gebruik vir die terugkoop van aandele** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| Een punt een punt een punt een punt<br>20 000 x R13,65 OF 182 000 + 91 000<br>20 000 x 9,10 20 000 x 4,55 | 273 000 ✓☑<br>een deel korrek |

**2**

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

## VRAAG 4

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | B ✓ |
| **4.1.2** | C ✓ |
| **4.1.3** | A ✓ |

**3**

## 4.2 LIBRA BEPERK

**4.2.1** **Identifiseer TWEE ander likiditeitsaanwysers wat ook toon dat die maatskappy in die toekoms waarskynlik ernstige likiditeitsprobleme sal hê. Verduidelik EEN punt in ELKE geval (met syfers).**

| TWEE finansiële aanwysers ✓ ✓ | Verduideliking of neiging (met syfer) ✓ ✓ |
|---|---|
| Voorraadhoudingsperiode | • Verhoog (van 43 dae) tot 78 dae/met 35 dae/ 81,4%<br>• Gevaar van voorraad oortollig raak<br>• Kontant opgesluit in voorraad/ophoping |
| Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn | • Verhoog(van 32.6 dae) tot 58.9 dae/ met 26,3/ 80,1%<br>• Stadige invordering sal kontantvloei negatief raak<br>• Swak kontrole oor die invordering van debiteure<br>Moet nie krediteurebetalingstydperk aanvaar nie |

**4**

**4.2.2** **Lewer kommentaar op hoe die verhoging in die lening die risiko en hefboom in 2021 beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. Noem EEN punt in ELKE geval (met syfers).**

Finansiële aanwysers ✓ ✓ syfers wat neiging aandui ✓ ✓ Verduideliking ✓ ✓

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | • Skuld/ekwiteitverhouding verhoog (van 0,2 :1) tot 0,7:1/ met 0,5:1<br>• Hoër finansiële risiko geneem deur onderneming.<br>• Onderneming maak nou meer gebruik van lenings |
| **PUNT 2** | • OOTKA verminder (van 9,1%) tot 6,4%/ met 2,7%<br>• Maatskappy is negatief gerat aangesien die opbrengs laer is as die rentekoers op geleende geld (12%)<br>• Maak nie effektief gebruik van lenings nie |

**6**

**Verduidelik of die besluit om addisionele eiendom aan te koop die gewenste uitwerking op die vraag na hierdie produk gehad het (met syfers).**

Verduideliking(nie Ja of Nee nie) ✓ Syfers (toon/impliseer vergelyking) ✓✓

- Verkope verminder met R2 574 000 / van R11 550 tot R8 976 000/ met 22,3%
- Vermindering in die winsopslag % bereik van 75% tot 60%.het nie tot meer verkope gelei nie/15% vermindering

**3**

**4.2.3** **Verduidelik waarom die publiek nie in die koop van die nuwe aandele, wat teen R6,00 per aandeel uitgereik is, belang gestel het nie. Haal DRIE finansiële aanwysers aan (aanwysers in VRAAG 4.2.2 genoem, uitgesluit). Noem EEN punt in ELKE geval (met syfers).**

Enige DRIE van: Finansiële aanwyser✓ ✓ ✓ (met syfers) ✓ ✓ ✓ Verduideliking ✓ ✓ ✓

Hulle het nie vertroue in maatskappy, soos aangedui deur:

- VPA verminder van 102s (tot 54 s) met 48 s – dui aan dat die maatskappy probleme ondervind om winsvlakke te handhaaf
- DPS val van 90s (tot 25s) – aandeelhouers ontvang nie redelike opbrengs nie
- Val in dividend-uitbetaalkoers van 88,2% (tot 46,3%) as 'n aanduiding dat direkteure nie bekommerd is in groei nie, maar wend 'n poging aan om te herbou.
- OOAB was 5,3%; en val na 4,9%; nog laer as die rente op vaste deposito (8%)
- R6,00 is nie 'n goeie koop as dit vergelyk word met markprys van R6,10 (R5,80), veral as hulle bereid was om die aandele teen R4,80 te verkoop (desperate poging om kapitaal te verkry)
- NBW (711c) is hoër as die markprys van 610s, lae aanvraag vir aandele: beleggers nie gewillig om aandele te koop nie
- Likiditeitskwessies: bedryfsverhouding is laag (1,1:1) en die vuurproefverhouding dui op 'n kontantvloeiprobleem (0,8:1): debiteure betaal nie binne limiete nie (32 dae)
- Hoë winsopslag (75%) en swak kontrole oor uitgawes (32% van verkope) sal veroorsaak dat klante elders gaan koop: afname neigings in winste

**9**

**4.2.4** **Noem TWEE verskillende punte om hulle mening te regverdig. Haal syfers of finansiële aanwysers aan.**

TWEE geldige punte ✓ ✓ syfers ✓ ✓

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | Verpligte punt: kommentaar op direkteursfooie<br>• Buys het homself 'n 45% verhoging gegee;<br>• R900 000 verhoging wat 50% meer is as die van ander direkteure/<br>• Ander direkteure het nie 'n verhoging ontvang nie (R600 000 elk gehandhaaf) |
| **PUNT 2** | Moontlike addisionele antwoorde. Enige EEN van:<br>• VPA verminder (van 102s) tot 54s; (met 48s)<br>• OOAB verminder (van 5,3%) tot 4,9%<br>• OOTKA verminder (van 9,1%) tot 6,4%;<br>• Swak beheer oor uitgawes, (van 32,4%) tot 44 % van verkope |

**4**

**4.2.5** **Verduidelik waarom die ander direkteure ongelukkig was oor die prys waarteen die aandele by Anton Buys teruggekoop is. Noem TWEE punte. Haal finansiële aanwysers of syfers aan om ELKE punt te staaf.** Beide punte mag dieselfde stelling insluit; 2020 syfers mag aangehaal word

| | Verduideliking (insluitend finansiële aanwyser) ✓ ✓ Syfers ✓ ✓ |
|---|---|
| **PUNT 1** | Die aandele is teruggekoop vir R4,89 meer as die netto batewaarde per aandeel (1 200s - 711 s)/69% meer as NBW/Dit dui op opgeblaaste pryse wat betaal is/kompromiteer die kontantvloei van die onderneming |
| **PUNT 2** | Die aandele se terugkoopprys is ook R5,90 meer as die markprys(1200s -610s/onredelike bedrag betaal aangesien daar nie 'n aanvraag vir aandele nie |

**4**

**Gee 'n berekening om te toon of die terugkoop van hierdie aandele Anton Buys se status as meerderheidsaandeelhouer beïnvloed het, of nie.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| $\frac{1\ 240\ 000 ✓}{2\ 370\ 000 ✓} \times \frac{100}{1}$ OF $\frac{1\ 240\ 000}{2\ 450\ 000} \times \frac{100}{1}$<br><br>Sien teller en noemer as sulks na x 100 is nie deel van een deel korrek nie | 52,3% ☑<br>een deel korrek as 'n %<br>Aanvaar 50,6% |

**3**

| 4.2.6 | | |
|---|---|---|
| | **Verduidelik wat met *goeie korporatiewe bestuur* bedoel word en verduidelik waarom dit vir aandeelhouers belangrik is.**<br><br>Verduideliking en belangrikheid vir aandeelhouers mag in dieselfde antwoord uitgedruk word<br>Verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige/ gedeeltelike antwoorde<br>• Bestuur van onderneming volgens goeie besigheids- en etiese beginsels<br>• Kyk uit na die belange van alle rolspelers (insluitend die gemeenskap) deur regverdig, billik, deursigtig, ens te wees<br>• Verseker dat die maatskappy behoorlike reels, beleide en gebruike het wat langtermyn aandeelhouerswaarde sal verseker<br><br>Belangrikheid vir aandeelhouers✓ aanvaar kort, onvolledige stellings solank antw duidelik is<br>• Impak op die beeld van die onderneming/welwillendheid<br>• Verbetering in aandeleprys<br>• potensiële beleggers sal gelok word<br>• vertroue in bestuur | 3 |
| | **Verduidelik 'n moontlike rede hoekom Anton Buys sê dat hy teen die voorstel van Excellence Bpk. sal stem.**<br><br>EEN punt✓✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige/ gedeeltelike antwoorde<br>• Hy sal sy meerderheidsbelang oor die Raad verloor<br>• Hy mag sy status as HUB verloor<br>• Hy mag dalk ondersoek word vir nalatigheid<br>• Hy sal nie meer in die toekoms sy vergoeding kan manipuleer nie | 2 |
| | **Verduidelik waarom jy met die direkteure saamstem.**<br><br>EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige/ gedeeltelike antwoorde<br>• Hy het onverantwoordelike besluite geneem<br>• Homself verryk/selfsugtige wins/ daad van verryking (45%) | 2 |
| | **Gee die direkteure raad oor hoe hulle dit moet hanteer.**<br><br>EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige/ gedeeltelike antwoorde<br>• Reël 'n spesiale vergadering van aandeelhouers<br>• Reik 'n grieweverslag uit<br>• Begin met dissiplinêre optrede (ondersoeke/navrae oor wanbestuur)<br>• Vra hom om opsy te staan | 2 |

| **TOTALE PUNTE** | **45** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**